PAULUS SE GEBEDE

ALGEMEEN:-

- Paulus se gebede verskil baie van die "Onse VADER" gebed wat Jesus die dissiples geleer het.
  - Ons moet onthou dat die "Onse Vader" 'n "Koninkryk's gebed" is vir die Jode. Jesus se bediening en lering was vir die Joodse volk voor die kruisdood.
- Deur die 4 Evangelies leer ons van Jesus se lewe, maar dis by Paulus wat ons leer om 'n God te leer ken en lief te hê wat ons nie kan sie nie.
- Dis een ding om te weet om volgens die wet van liefde te leef wat Jesus verkondig het – maar 'n ander om die innerlike krag te vind om dit TE LEEF
- Deur paulus se gebede leer ons wie ons is in Jesus, om sy gebede te bid, is om die Woord van God te proklameer.
- Jesus leer ons – gaan na binnekamer en bid – Paulus leer ons om te bid sonder ophou 1 Tes 5:17
  - Die plek van aanbidding het verskuif – na BINNE in ons.
  - Na die kruis leef God IN ons – ons is die tempel
  - Ons kan God deel maak van alle areas van ons lewe
  - Gebed voor die kruis was om God te bid vir behoeftes en te vereer. Na die kruis leer Paulus ons dat gebed ook nou 'n geleentheid is om nie net TOT God te bid nie, maar ook om na God te luister!!

PAULUS SE BENADERING TOT GEBED WAS BAIE ANDERS AS DIE KONINKRYK'S GEBED:-

- **Fil 4:6-7**
  - Paulus sê: bekommer iets jou? – bid, op daai tyd, op daai plek
  - ....En sê dankie nog voor jy ontvang het
- Bid vir iemand deur aan hulle te dink
  - **Fil 1:3**
  - **2 Tim 1:3**
- Hy noem hulle slegs in 'n gebed, sonder lang uitbreiding
  - **Rom 1:9**
  - **Ef 1:16**
  - **1 Tes 1:2**
- Hy bid nie net vir mense wanneer hy hulle behoeftes ken nie; hy bid as hy bloot aan hulle dink, al dank hy net God vir hulle geloof, of eensgesindheid ens.
- **Rom 8:26**
  - Gebed het 'n innerlikke saak geword, en ons bid nie meer alleen nie, maar die Heilige Gees vervolmaak ons gebede.
- Paulus leer ons om te bid vir ander, ongeag jou eie situasie.
- Bid vir leiers vir 'n rustige lewe
  - **1 Tim 2:1**
  - Onthou dat Paulus die mense in hierdie tyd leer om vir leiers te bid wat die Romeinse keiser insluit, wat die kerk vervolg het.

EF 1: 15-23

Ef 1:16-23 *hou ek ook nie op om vir julle te dank as ek aan julle in my gebede dink nie, dat die God van onse Here Jesus Christus, die Vader van die heerlikheid, aan julle die* ***Gees van wysheid en openbaring in kennis van Hom*** *mag gee, verligte oë van julle verstand, sodat julle kan weet wat die* ***hoop van sy roeping*** *en wat die rykdom van die* ***heerlikheid van sy erfdeel*** *onder die heiliges is; en wat die* ***uitnemende grootheid van sy krag*** *is vir ons wat glo, na die werking van die krag van sy sterkte wat Hy gewerk het in Christus toe Hy Hom uit die dode opgewek het en Hom laat sit het aan sy regterhand in die hemele, bo alle owerheid en mag en krag en heerskappy en elke naam wat genoem word, nie alleen in hierdie wêreld nie, maar ook in die toekomstige. En Hy het alle dinge onder sy voete onderwerp en Hom as Hoof bo alle dinge aan die gemeente gegee, wat sy liggaam is, die volheid van Hom wat alles in almal vervul.*

- ...GEES VAN WYSHEID EN OPENBARING IN KENNIS VAN HOM ...
  - **1 Joh 4:7** *Geliefdes, laat ons mekaar liefhê; want die liefde is uit God, en elkeen wat liefhet, is uit God gebore en ken God*
  - Ons kan God net waarlik ken as die Heilige Gees Hom aan ons openbaar, maar dit gebeur op grond van ons geloof in Hom en soeke na Hom.
  - Kennis van God is egter nie genoeg nie, maar die wysheid...
  - Wysheid is om kennis REG aan te wend, om te weet wanneer en hoe om hierdie kennis te deel. Bv. Moenie jou pêrels voor die varke werp nie...
  - So ons kan God intillektueel ken; maar dis nie genoeg, ons moet 'n openbaring ontvang in ons gees van God se volle natuur, liefde, genade ens. En dan die wysheid byvoeg om te weet hoe om hierdie kennis toe te pas in ons lewe.
- ...HOOP VAN SY ROEPING...
  - As jy nie in iets kan hoop nie – kan jy dit nooit glo nie !!
  - **Heb 11:1** – hoop en geloof is onafskeidbaar
  - Hierdie hoop is ook nie sommer net enige leë hoop nie, dis spesifiek:...
    - Eerstens die hoop wat daar is in die roeping as wedergeborene, om God se werke te doen in die algemeen, as kind van God
    - En tweedens, ons spesifieke roeping! Ons Bid en hoop dat ons unieke roeping werklik sal word in ons lewe.
    - Dat ons sal besef waarvoor ons spesifiek geroep is – waarvoor ons geskape is en dit sal vervul.
- ...DIE RYKDOM VAN DIE HEERLIKHEID VAN SY ERFDEEL ONDER DIE HEILIGES IS...
  - In Vers 11 sê Paulus dankie vir die erfdeel, ... en
  - In Vers 18 bid hy dat ons dit sal verstaan – ten volle !!
  - **Rom 8:16** – ons is KINDERS van God, ergename.
  - **Gal 4:1-2** – ons ervaar dit nie altyd nie, want ons is onvolwasse
  - Ons erfdeel is weggebêre tot ons dit kan hanteer.
  - Onthou, ons erfdeel is eerstens die ewige lewe, die hemelse dinge; maar ook dinge op hierdie aarde, in hierdie lewe: vreugde, vrede, vervulling, rus, krag, meer as oorwinnaars, 'n bediening/roeping, ens..
  - **Ef 1:13** – "*...verseël is met die Heilige Gees van die belofte...*"
    - Die beloftes van God is so belangrik dat Hy ons Sy Heilige Gees gegee het as 'n seël.
    - Hierdie woord "Seël" beteken " *'n seël van sekuriteit*"
    - Die Heilige Gees is soos 'n deposito op 'n huis – dis 'n waarborg
- ...UITNEMENDE GROOTHEID VAN SY KRAG IS VIR ONS...
  - Vers 19-23 verduidelik hierdie uitnemendheid
  - As God ons toerus vir 'n roeping – watter krag kan ons stop om dit te bereik?
- <u>OPSOMMING</u>
  - Die Duiwel sal jou wil stop, want as hy jou kan stop – stop hy God se plan in jou lewe
  - ... En steel jou vreugde en roeping !!
  - As hy ons kan kry om op ons mislukkings en swakhede te fokus – mis jy God se plan
  - As hy ons kan kry om op die klein goed te fokus, kan jy nie die groot goed raaksien nie.
  - Soos die gesegde lui:- You will major in the minor things
  - Ons moet verstaan die groot krag wat ons gegee is
  - Sien die "big picture" en die hoop eerder as die hopeloosheid van die omstandighede

EF 3: 14-21

EF 3:14-21 *Om hierdie rede buig ek my knieë voor die Vader van onse Here Jesus Christus, van wie elke geslag in die hemele en op die aarde sy naam ontvang, dat Hy aan julle mag gee na die rykdom van sy heerlikheid om met* ***krag versterk te word deur sy Gees in die innerlike mens, sodat Christus deur die geloof in julle harte kan woon****, julle wat in die liefde gewortel en gegrond is, en julle in staat kan wees om saam met al die heiliges ten volle te begryp wat die breedte en lengte en diepte en hoogte is, en die liefde van Christus te ken wat die kennis oortref, sodat julle vervul kan word tot al die volheid van God. En aan Hom wat mag het om te doen ver bo alles wat ons bid of dink, volgens die*

krag wat in ons werk, aan Hom die heerlikheid in die gemeente in Christus Jesus deur alle geslagte tot in ewigheid! Amen.

- Leef van binne na buite
  - Buite is emosies, moegheid ens.
  - Ons is gees mense
- Christus leef in ons
  - **1 Kor 6:17** *Maar wie die Here aanhang, is een gees met Hom*.
  - Christus leef in ons gees
  - Nou moet Hy ook in ons hart woon (siel) – Christus moet na ons siel oor beweeg waar Hy ook ons gedagtes sal regeer in ons – dan leef Hy eers DEUR ONS
  - Hy IS in ons gees, van wedergeboorte af, ongeag of ek dit weet – ons moet Hom in ons siel dimensie laat leef
  - **Ef 4:22** *dat julle, wat die vorige lewenswandel betref die oue mens moet aflê*
- Paulus Bid hier oor die Drie-Eenheid
  - Gees ons versterk
  - Jesus in ons harte sal woon
  - Dat ons vervul sal word met die volheid van God
- *"... en die liefde van Christus te ken wat die kennis oortref ..."*
  - Hoe kan ons kennis van liefde hê wat nie geken kan word nie?
  - *"...en julle in staat kan wees om saam met al die heiliges..."*
  - Deur die liggaam van Christus!!
  - Ons kan net die grootheid van God se liefde ontdek – BINNE die liggaam/kerk/mede gelowiges.
- *"En aan Hom wat mag het om te doen ver bo alles wat ons bid of dink ..."*
  - God se wil is om vir ons vêr meer te gee as wat ons kan "*bid of dink*". Maar hoe ontvang ons dit...
    - *"...volgens die krag wat in ons werk..."*
    - Hierdie "Krag" is in vers 16 identifiseer:- die werking van die Heilige Gees...
  - As ons die werking van die H/Gees stop, dan kan ons nie ontvang nie !!
    - As ons nader na God toe groei en die innerlikke mens versterk word, kan ons meer van God ontvang
    - Die rede hiervoor is eenvoudig om te verstaan – dit gaan oor ons volwassenheid en dit waarvoor ons gereed is !!

FIL 1: 9-11

Fil 1:9-11 *En dit bid ek dat julle **liefde nog meer en meer oorvloedig mag word in kennis en alle ervaring**, om die dinge waar dit op aankom, te onderskei, sodat julle rein en vir niemand 'n aanstoot mag wees nie, tot op die dag van Christus, vervul met die vrug van geregtigheid wat daar is deur Jesus Christus tot heerlikheid en lof van God.*

- Wat kon jy bereik as jy altyd die regte antwoord geweet het?
- As jy altyd die volle kennis gehad het, als geweet het en geweet het wat die uitkoms sal wees? Dit sou sekerlik 'n verskil gemaak het in HOE ons kies!!
- Paulus bid hier dat ons in die WARE EVANGELIE, DIE WARE LIEFDE sal wandel
- Hy wil nie hê mense moet in wettisme verval – of vals evangelies nie
- Hy bid dat ons bewaar sal word van misleiding
- ...sodat ons als kan wees wat God vir ons beplan het, en nie 'n aanstoot is vir die liggaam nie.
- En dat dit als Tot lof sal wees van God – nie ons.
- God is die fokus – nie my ego, bediening, talente ens nie, want als kom **van** God – **tot** God

KOL 1: 9-12

Kol 1:9-12 *Daarom hou ons ook nie op nie, van die dag af dat ons dit gehoor het, om vir julle te bid en te vra dat julle **vervul mag word met die kennis van sy wil** in alle wysheid en geestelike insig, sodat julle waardiglik voor die Here mag wandel om Hom in alles te behaag en julle in elke goeie werk vrug mag dra en in die kennis van God mag groei, en met alle krag bekragtig word volgens die mag van sy heerlikheid tot alle lydsaamheid en lankmoedigheid met blydskap, en die Vader mag dank wat ons bekwaam gemaak het om deel te hê aan die erfdeel van die heiliges in die lig—*

- Hier bid Paulus vir geestelike groei en dat ons nie sal moeg raak en uitsak nie - Keep going – keep growing!
- Wanneer dinge swaar gaan, onthou dit:- Go slow – but keep going
- Die verskil tussen ons en mense van die wêreld moet dit wees – kennis van Sy wil!!!
- Ons kan die groot uiterlike dinge doen (kerke bou, christelike toere reël, uitreik groepies hê) – maar die innerlikke moet eerstens vervul word anders sal die uiterlike net mens-gemaak wees en nie God se heerlikheid dra nie.
- ***Die uiterlike dinge moet uit die innerlike vloei – dan is dit God se werk***
- **Rom 12:1-2** *Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, dat julle jul liggame stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer dit is julle redelike godsdiens. En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is.*
- Ons behoort oor ons lewens te bid IN LYN MET GOD SE WIL vir ons lewens.
- Jesus het nie gebid dat die onbekende sal gebeur nie, maar presies geweet wat God se wil vir Hom was
- Jesus het gebid in die tuin van Getsemanédat die beker by Hom sal verbygaan, en gesê dat die vader se wil sal geskied – maar Hy het daardie wil geken!!
- Bid ook vir wysheid – sodat ons dit kan ken **en** ook weet hoe om dit uit te leef.

1 TESS 5: 23-24

1 Tes 5:23-24 *En mag Hy, die God van die vrede, julle volkome heilig maak, en mag julle gees en siel en liggaam geheel en al onberispelik bewaar word by die wederkoms van onse Here Jesus Christus! Hy wat julle roep, is getrou; Hy sal dit ook doen.*

- Ons is bywoners van 'n ander wêreld – en ons is opsy gesit vir God se werk
- Ons moet nie lyk soos die wêreld nie.
- In ons siel (wil/denke/emosies/keuse) moet ons net so rein word soos wat ons in ons gees reeds is.
- Hier is 'n paar van Paulus se "to do list" items om te leef soos 'n inwoner van die hemel:
  - Leef in vrede
  - Respekteer en volg jou geestelike leiers
  - Beveg die kwaad met die goeie
  - Wees blymoedig en dankbaar
  - Bid aanhoudend
  - Moet nie die Heilige Gees bedroef nie
  - Ondersoek alle dinge – behou die goeie. *(dit sluit nie die ondersoek van sondige dinge in nie, want jy weet reeds voor die tyd dat God dit verbied, jy hoef dit nie te toets nie)*

2 TESS 1: 11-12

2 Tes 1:11-12 *Daarom bid ons ook altyd vir julle dat onse God julle die roeping waardig mag ag, en dat Hy alle welgevalle aan wat goed is, en alle werk van die geloof met krag volkome mag maak, sodat die Naam van onse Here **Jesus Christus in julle verheerlik kan word en julle in Hom**, ooreenkomstig die genade van onse God en die Here Jesus Christus.*

- Die gemeente van Tessalonisense het baie vervolging ervaar, soos Paulus.
- Hierdie roeping is die algemene roeping van alle gelowiges – nie jou unieke lewens roeping nie. om heilig te lewe, God se wil te doen, die evangelie van Jesus Christus te verkondig, mekaar te bemoedig en vertroos ens..
- Dis nie die "do's and don'ts" nie. Ons word nie "waardig" geag as ons die do's and don'ts reg gekry het nie !
- Dis eerder 'n ***Groei na Christus*** toe wat die "waardigheid" bring.
- *"...en dat Hy alle welgevalle aan wat goed is..."*
  - Dit gaan oor God se geluk – ons doen dit vir Hom
- Wanneer ons vir God leef, doen ons nie die "minimum vereistes" nie, ons moet dit met trots doen.
- God roep ons vir sukses!! – as ons binne SY PLAN is, nie die mens-gemaakte plan.
- As Hy ons middelpunt van sukses is – word God verheerlik – maar ook ons by Hom! – maar onthou, dis eintlik Sy werk in ons wat dit bereik – dis nie uit onsself.
- Sukses – met regte fokus – is God se plan
- Ons word verheerlik IN SY SEUN – dit gaan steeds nie oor ons nie, maar oor Hom

ANDER GEBEDE VAN PAULUS

1. Hand 9:5-6
2. Rom 1:9-10
3. Rom 10:1
4. Rom 15:5-6
5. Rom 15:13
6. Rom 16:20/24
7. Rom 16:25-27
8. 1 Kor 1:4-9
9. 1 Kor 16:23-24
10. 2 Kor 1:3-5
11. 2 Kor 2:14
12. 2 Kor 9:15
13. 2 Kor 13:7-9
14. 2 Kor 13:14
15. Gal 1:3-5
16. Gal 6:18
17. Ef 1:15-23
18. Ef 3:14-21
19. Ef 6:23-24
20. Fil 1:9-11
21. Fil 4:20
22. Fil 4:23
23. Kol 1:9-12
24. Kol 4:18
25. 1 Tess 1:2-4
26. 1 Tess 2:13
27. 1 Tess 3:11-13
28. 1 Tess 5:23-24
29. 1 Tess 5:28
30. 2 Tess 1:11-12
31. 2 Tess 2:16-17
32. 2 Tess 3:5
33. 2 Tess 3:15
34. 2 Tess 3:18
35. 1 Tim 1:12
36. 1 Tim 1:17
37. 1 Tim 6:15-16
38. 1 Tim 6:21
39. 2 Tim 1:3
40. 2 Tim 1:16-18
41. 2 Tim 4:14-16
42. 2 Tim 4:18
43. 2 Tim 4:22
44. Tit 3:15
45. Filémon 4-6
46. Filémon 25